

'n Beter Offer

Heb 9:15-28

4 September 2022

1. Oorsig:
 - a. Heb 8:1-13 – Jesus is Middelaar van 'n beter verbond op uitnemender beloftes
 - b. Heb 9:1-14 – Jesus is die ware Hoëpriester wat diens doen in die ware tabernakel, bewerk toegang tot die Allerheiligste
 - c. Heb 9:15-28 – Jesus het volmaakte offer gebring
2. Die werk wat Christus in die verlede verrig het (Heb 9:15-23)
 - a. Bloed van Christus is volmaakte offer wat gewetes bevry van sondelas (v14)
 - b. Christus se offer het gelowiges onder ou verbond (dus in Ou Testament) verlos (v15)
 - c. Ou Testamentiese gelowiges ontvang ook beloofde ewige erfenis (v15, vgl Heb 11:39-40)
 - d. Christus is Middelaar van nuwe verbond of testament (v15, vgl OAV, NAV, DAV, vgl Heb 8:6)
 - i. Verbond = ooreenkoms met bepalings, geldig met ondertekening
 - ii. Testament = ooreenkoms oor erflatings, geldig met sterwe van testamentmaker (v16-17)
 - e. Beide ou en nuwe verbond is ook testamente, want beide is met bloed ingestel
 - f. Instelling van ou verbond (v18-23)
 - i. Bloed gesprinkel op wetboek en volk (v18-19, Eks 24:4-8)
 - ii. Tabernakel en voorwerpe daarbinne ook met bloed gereinig (v21-23a, Lev 8:10-11, 14-15, 16:14-16)
 - iii. Noodsaak: God is heilig, mense is sondig – tabernakel is ontmoetingsplek tussen God en mense
 - iv. “Dit is die bloed van die verbond wat God sluit” (Eks 24:8)
 - g. Instelling van nuwe verbond (v23)
 - i. Beter offer van bloed – d.i. offer van Christus se bloed
 - ii. “Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed” (1 Kor 11:25 OAV)
3. Die werk wat Christus op die oomblik doen (Heb 9:24-26)
 - a. Christus het eenmalig volmaakte offer gebring (v25-26), en die hemel ingegaan (v24)
 - b. Verskyn ter wille van gelowiges voor God (v25, vgl Rom 8:34 OAV en NAV, 1 Joh 1:2)
 - i. Pleit ≠ smee, stoei, redeneer, spartel
 - ii. Offer was so volmaak dat God voortdurend behae het daarin ter wille van alle gelowiges
4. Die werk wat Christus in die toekoms gaan doen (Heb 9:27-28)
 - a. Mens sterf eenmaal, dan die oordeel (v27, vgl Op 6:9-11)
 - i. Omdat Christus se offer volmaak is, hoef gelowiges nie oordeel te vrees nie (Mat 25:34)
 - b. Christus kom tweede keer om verlossing te bring (v28, 1 Tes 4:14-17)
 - i. Finale toegang realiseer - iets wat ou verbond nie kon bewerk nie (Heb 9:8)
 - c. Realisering van Jesus se Hoëpriesterlike gebed (Joh 17:24)
5. Christus se offer is volmaak, want: laat beloftes van nuwe verbond realiseer, het dit net eenmaal gebring, het net eenmaal in hemel gegaan, bewerk versoening vir alle sondes van alle gelowiges van alle tye, Hy verskyn steeds ter wille van gelowiges voor God, Hy sal gelowiges van alle tye in volmaaktheid inlei met Sy tweede koms.